"Kandidate werk teen hul eie tempo, handig die opdragte aan die einde van elke module in en ontvang volledige terugvoering. Slegs kandidate wat die kursus suksesvol deurloop het, kan agterna hul voltooide manuskripte vir my instuur wat ek dan lees en voorstelle vir verbetering maak."

Janie sê by haar gaan dit nie net oor om uitdrukking aan jouself en kreatiwiteit te gee nie. "Diep binne wil elke kursusganger haar of sy naam in druk sien, verkieslik by 'n 'behoorlike' uitgewer of tydskrif. Dis waarop ek my toespits. Natuurlik word kreatiwiteit ontwikkel en mense leer ook van vryskryf, ensovoorts, maar ek plaas ook klem op taalgebruik, sinsbou en storiebou."

**Leoni Benghiat** van SA Vryskutskrywers sê kuberkursusse het meer voor- as nadele.

"Die grootste voordeel is dat dit meer bekostigbaar is omdat daar vir die aanbieder baie min oorhoofse kostes is. Daarmee saam leer dit jou om onafhanklik te kan werk, wat 'n groot vereiste is as jy 'n ernstige skrywer in enige genre wil word. Dis ook deeltyds, so jy kan aanlyn kursusse volg terwyl jy werk."

Nichola sê hul kursusse is daarop gemik om individuele aandag aan studente te gee en dit maak juis dat dit beter is as om in 'n klaskamer te sit.

"Net soos wat dit moeilik is om tennis in 'n groepslesing te leer, net so is dit moeilik om in 'n groepslesing te leer skryf. Jy kan dan netsowel 'n boek oor skryf lees of 'n gratis kubervideo kyk. Lesings is inspirerend, maar die voordele wat op jou praktiese skryfvaardighede betrekking het, is beperk. Om oor skryf te praat, leer mense nie om te skryf nie. Dit is eerder die skryfproses self wat 'n mens leer om te skryf. Boonop sien 'n mens nie die foute in jou eie skryfwerk raak nie. Dit neem ure van verfyning van jou skryfvaardighede ten einde geloofwaardige dialoog, logiese storielyne en maklik visualiseerbare tonele te skep. Juis daarom is 'n persoonlike mentor uiters waardevol."

Ook wat aanlyn fotografiekursusse betref, is daar talle voordele, sê **Bethaney Nero** van The Photography Institute.

"Studente het deurlopend toegang tot ondersteuning wat 24 uur, sewe dae per week beskikbaar is. Ons tutors is nie net dosente nie, maar ook van die beste professionele fotograwe in die veld. Sodoende kan ons studente 'n voet in die deur kry. Daarmee saam het ons 'n Facebook-groep waar studente met mekaar kan netwerk.

"Ons adverteer ook werksgeleenthede en studente kry kans om gedurende die kursus hul portefeulje op ons webwerf en sosiale media ten toon te stel."

Die kursusse is natuurlik nie sonder uitdagings nie.

Madelie sê haar kursus is nie akademies nie, maar is eerder daarop gemik om die kandidaat te inspireer om sy of haar beste werk te lewer.

"Skryf is harde werk en my studente kom dit baie gou agter. 'n Skrywer moet leer om kritiek te kan hanteer, die positiewe daaruit te neem en dit te gebruik om sy of haar talent te ontwikkel. Die skrywer wat dit onder die knie kry, het 'n kans op sukses."

Leoni sê enige studie verg selfdissipline en organisasie en fokus op 'n uiteindelike doelwit. Nichola sê een van die grootste uitdagings vir studente is om gemotiveerd te bly en op hul eie te werk. "Dit kan baie eensaam raak."

## WENKE VIR KUBERKURSUSSE

**Janie sê:**

- Wees kieskeurig. Vra of jy met mense in aanraking mag kom wat reeds by hierdie aanlyn skool gestudeer het. Vra daardie mense uit oor die gehalte van die kursusmateriaal, die houding van die kursusleier, of die terugvoering deeglik, logies en betyds was, en of hulle weer by daardie skool sal inskryf.

**Leoni sê:**

- Maak seker jy weet wat jy wil bereik en kies die regte kursus.
- Na afhandeling van die kursus is dit noodsaaklik om dít wat jy geleer het gereeld toe te pas.

**Nichola sê:**

- Lees die resensies en kommentaar rondom die instelling waar jy wil inskryf.
- Maak seker jy kry persoonlike en individuele terugvoering en dat die organisasie nie net op winsbejag ingestel is nie.

**Bethaney sê:**

- Gebruik die beskikbare hulpbronne.
- Neem op sosiale media aan gesprekke deel.
- Doen jou navorsing en vra vrae voordat jy inskryf.
- Maak gebruik van jou tutor en studenteondersteuning as jy iets nie verstaan nie.

**Bill Burridge,** besturende direkteur van New Insights Life Coach Training gee die volgende wenke:

- Kursusse buite klaskamerverband moet goed ontwerp wees en vir ondersteuning voorsiening maak om aangesig-tot-aangesig-kontak te vervang. Maak seker jy kry goeie ondersteuning.
- Beplan deeglik.
- Moenie alles tot op die laaste nippertjie los nie. Werk deurlopend en gereeld.

## NOG KURSUSSE

- Die Goethe Instituut bied 'n aanlyn kursus in Duits aan. Dit geskied wel deur die tak in Duitsland, maar dit kan aanlyn vanuit Suid-Afrika gedoen word. Kyk by www.goethe.de/en
- Die Cape Town International School of Languages bied verskeie tuisgebaseerde kursusse in tale aan. Kyk by languages-and-translations.co.za
- New Insights Life Coach Training bied 'n tuisgebaseerde kursus in lewensafrigting aan. Kyk by https://www.life-coach-training-sa.com Dit is nie aanlyn nie, maar kontak per e-pos is wel moontlik.
- Get Smarter bied kuberkursusse deur verskeie instansies aan. Kyk by www.getsmarter.co.za
- Dan is daar ook vele MOOCS aanlyn. MOOCS staan vir Massive Online Open Courses en is gratis kursusse wat deur van die wêreld se beste universiteite aangebied word. Kyk by www.coursera.org en www.futurelearn.com

**Kontakte:**
**SA Vryskutskrywer – www.savryskutskrywer.co.za; SA Writers College – www.sawriterscollege.co.za; Madelie Human – human.madelie@gmail.com; The Photography Institute – www.thephotographyinstitute.co.za; Skryfgeheime-skryfskool – www.skryfgeheime.co.za** Vk